

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die Here se kinders en geestelike kultusse. God neem sy kinders aan terwyl in alle kultusse hulle God as hul God aanneem. Wie 'n God aanneem, maak God die afwesige Vaderfiguur wie hulle wil verteenwoordig. Wie God aanneem verwag dat mense hom of haar met die ontsag en verering van God sal aanvaar. Wie hul aanneming deur God glo, aanvaar mekaar as broers en susters met respek en eerbied vir mekaar, sonder om ontsag en verering vir mekaar te hê.

Skriflesing Rom. 15: 5 – 13; Romeine 8: 14 -16; Romeine 1: 21 - 25

Teks Rom. 15: 7 “Daarom, aanvaar mekaar, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.” Rom. 8: 15 b nee, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons “Abba, Vader!”

Tema: Christus maak ons broers en susters nie benedeelde nie

1. Ons gaan vanoggend kyk na hoe ons as Christene mekaar aanvaar. Verlede week het ons gesien dat die Here ons reg maak om sy regte kinders in die regte wêreld te wees. Die Here maak ons nie kamma-kamma kinders in kamma-land nie.

Vanoggend gaan ons kyk hoe Christus maak dat ons mekaar as broers en susters aanvaar. Paulus stel dit so in Rom. 8:15: **“nee, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons “Abba, Vader!”**

Wie neem vir wie aan?

Neem kinders ouers aan, of neem ouers kinders aan?

Aanneming is 'n magsdaad van ouers. Net ouers kan regtens en wetlik kinders aanneem. Daar is nie iets soos kinders wat vir hulle regtens en wetlik ouers kan aanneem nie.

Want ouers maak kinders wetlik en regtig hulle kinders. Kinders kan mense nie wetlik en regtig ouers hulle ouers maak nie. Hulle kan net ouers se aanneming aanvaar.

2. Net so is ons aanneming as kinders tot God deur God, 'n magsdaad van God.

Paulus wys dat die Gees wat Christus aan ons gee, ons kinders van God maak. Die uitroep “Abba, Vader” is die gelowige se reaksie op hierdie magsdaad dat die Heilige Gees ons kinders van God maak. Omdat Hy ons kinders van God maak, kan ons God die Vader, met vertroue en sekerheid as ons Vader aanroep.

Die magsdaad waardeur Christus ons kinders van God maak, is om ons in te sluit in sy lyding en heerlikheid.

Deur hierdie magsdaad deel ons alles met Christus as mens in die hemel, ons deel alles wat God die Vader vir Christus is. Daarom word ons die “broers” en “susters” van Christus genoem.

Dit is die heerlikheid van Christus wat ons deel: ons deel in die liefde wat God die Vader vir Christus as die Seun het. Met hierdie selfde liefde is God die Vader vir ons Vader.

3. In hierdie liefde wat ons van God die Vader ontvang, is Hy in alles ons Vader.

Daarom jubel Paulus dit met die lofbetuiging uit dat niks ons van hierdie liefde van God die Vader as ons Vader, kan skei nie. In sy voorsienigheid is die Vader vir ons die bron van alle goeie dinge wat ons in die lewe toekom, en is Hy ook die Vader wat al die slegte dinge wat Hy as Vader oor ons lewe beskik, ons ten goede laat kom.

“³⁸Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte ³⁹ nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.”

In en deur al hierdie dinge is God die Vader, Skepper van hemel en aarde, ons Vader: versorgend, onderhoudend, koesterend en bewarend.

Dit is die wyse waarop Christus ons aanvaar het. Hy het ons sy broers en susters gemaak deur ons in te sluit en te laat deel in die heerlikheid van die liefde van God die Vader.

Christus se aanvaarding is om ons as kinders van God die Vader aan te neem.

4. Daarom kan daar nie so iets wees dat ons God moet aanvaar in die betekenis van ons God regtens moet aanneem nie.

Die enigste teks in die Bybel wat verwys na ons wat aanneem is Johannes 1 vers 12 klink só: *“¹²Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. ¹³Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ’n mens of die besluit van ’n man nie, maar hulle is uit God gebore.”*

Hier word duidelik gestel dat ons “aanneem” nie is om God regtens en wetlik ons God te maak nie. Aanneem beteken om jou wedergeboorte te glo: dat God jou sy kind maak deur jou in te sluit in Christus.

Hoe aanvaar ons ons aanneming?

Ons glo dat God self ons sy kinders gemaak het deur ons in te sluit in Christus! Ons glo dat God, die Vader van Christus, nou ook ons Vader is!

Ons glo God se aanneming!

5. Dit is hoe ons mede-Christene moet aanvaar. Ons moet aanvaar dat God die Vader hulle sy kinders gemaak het, en dat Hy hulle in en deur alles in sy liefde as Vader versorg, bewaar, onderhou en vir Hom as sy kinders behoue laat bly.

Ons moet gelowiges as broers en susters aanvaar.

Met hierdie uitdrukking “broers en susters” erken ons dat hulle in die heerlijkheid van Christus deel het en dat God, die Vader van Christus, ook hulle Vader is.

Ons kan en mag medegelowiges op geen ander manier aanvaar as die wyse waarop God die Vader hulle sy kinders gemaak het en laat wees nie. Ons is saam kinders van God. Dit is wat aanvaarding van mede-Christene beteken. Omdat ons saam kinders van God die Vader is, is ons broers en susters, deel ons saam in die heerlijkheid van Christus.

6. Broers en susters kan nooit 'n bende wees nie. Daarom kan ons as gelowiges nooit God se bende wees nie.

Hoe verskil die gemeenskap van bendeledes met die gemeenskap van broers en susters?

Bendeledes het nie dieselfde pa nie. Hulle is nie broers en susters nie, maar hulle noem mekaar gewoonlik broers en susters. Dit wat hulle saambind is nie dieselfde pa nie, maar dieselfde vaderfiguur.

Wat vir 'n ding is 'n vaderfiguur?

'n Vaderfiguur is die pa wat kinders opmaak en as pa aanneem omdat hulle nie 'n regte pa het of wil hê nie. Dit is die tipe pa wat alle bendeledes in gemeen het: die vaderfiguur in die plek van die regte pa wat weg is, afwesig is.

7. Dit is wat ons in Romeine 1 gesien het as die afgodsdienste van kamma-kamma land. In kamma-kamma land vorm mense geestelike godsbendes.

Wat doen hierdie godsbendes?

Die eerste ding wat hulle doen, is om nie God te erken as God nie. Hulle maak God in sy skepping die afwesige God. Hulle sien nie in God se werke God self as werksaam en teenwoordig versorgend nie.

Nadat hulle God afwesig in hulle eie gemoed en verstand gemaak het met al hulle slim stories, maak hulle hulself vaderfigure – kamma kamma vaderfigure! Ons het verlede week gesien dit is 'n dogtertjie wat haar met haar pop 'n kamma-kamma ma maak!

Hierdie vaderfiguur doen iets heeltemal anders as God wat regtig God is. God wat regtig God is, wys in sy werke dat Hy die Almagtige en Alwyse Here is wat besig is om teenwoordig alles in stand te hou. Hy wys dat mense Hom as God moet eer en dank.

Hierdie vaderfiguur wys dat jy as mens deel kan wees en deel kan kry aan die gesag, die lewe, die krag en die wil van God as jou eie gesag, lewe, krag en eie wil. Dit is wat afgode is, selfopgemaakte vaderfigure.

Afgode moet deur mense aangeneem word om gode te kan wees. As mense hulle nie aanneem nie, is hulle sommer net niks. Jy moet 'n selfopgemaakte god jou vaderfiguur maak en jou sy kind maak maak. So neem mense in alle afgodsdienste gode aan as hulle gode: as vaderfigure.

As jy Apollo as jou god aanneem, is jy vol van Apollo se krag, as jy Venus as jou god aanneem, is jy vol van Venus se liefde, as jy Zeus as jou god aanneem, is jy vol van Zeus se gesag en as jy Bacchus as jou god aanneem, is jy vol van jou god se vrolikheid.

8. Mense wat God aanneem vorm Godsbendes.

Dit is presies net die teenoorgestelde van wat God doen: God neem mense as sy kinders aan, en net God kan dit regtens doen.

Maar godsbendes glo dat hulle 'n kamstige geestelike mens kan aanneem as hulle vaderfiguur sodat hulle God se krag en lewe kan kry en uitleef, terwyl hulle God nooit regtig as God wil eer en dank nie.

Dit is die grootboet- of grootsus-sindroom tussen kinders!

Dit is 'n boetie of sussie wat dink Pa of Ma is weg, en daarom moet hulle vir die ander boeties en sussies sorg. Hulle praat en leef nou namens Pa en Ma en tree sommer met hulle krag op tussen die ander kinders.

Maar hulle self wil nie regtig na Pa of Ma luister as Pa en Ma self daar is nie. Hulle eer en dank nie hulle ouers nie. Hulle wil hê dat hulle afwesig moet wees sodat hulle in hulle naam en krag kan leef.

9. Hoe lyk hierdie godsbendes vandag?

Dit is baie maklik om te weet wanneer mense 'n bende van God is. Jy moet net kyk wie neem vir wie aan!

Glo hulle God die Vader neem ons aan as kinders deur ons in te sluit in Christus se heerlijkheid,

of

neem hulle vir God aan en maak God hulle afwesige vaderfiguur?

Wanneer mense glo God het hulle as sy kinders aangeneem deur hulle in te sluit in Jesus as mens in die hemel, dan aanvaar hulle mekaar as broers en susters.

Wanneer mense glo hulle het God aangeneem, dan wil hulle hê jy moet 'n bendelid van hulle bende vir God word.

10. Kom ons kyk na 'n paar maniere waarop mense vandag vir God aanneem en dan van ander mense, God se bendelede maak!

Een manier waarop mense God aanneem is om God in die middelpunt van hulle eie lewe te sit. As hulle God in die middelpunt van hulle lewe sit, dan sê hulle hulle het God só aangeneem.

As iemand God in die middelpunt van sy lewe sit, waarvan moet hierdie god dan die middelpunt wees? Hierdie god moet die middelpunt wees van die mense wat hom aangeneem het.

En as hulle lewe God se middelpunt is, waar gaan jy inpas in hierdie lewe van hulle? Hulle lewe gaan die middelpunt van jou lewe wees. Alles wat jy doen en sê, moet hulle lewe as middelpunt hê.

Dit is hoe hulle jou dan as 'n bendelid van God aanvaar, net soos hulle God aanvaar het: net soos God, is hulle lewe jou middelpunt.

Hoe verskil dit van broers en susters wie God as sy kinders aangeneem het? Watter boetie of sussie sal ooit toelaat dat 'n ander boetie of sussie die middelpunt van hulle lewe is? Dit is mos somer nonsens. Dit is nou die besondere as God jou aanneem en sy kind tussen sy ander kinders maak! Hy maak Homself jou Vader en Here sodat jy die middelpunt van jou eie lewe kan wees. Só het God ons mense gemaak: om die middelpunt van ons eie lewe te wees, sodat ons oor alles in ons lewe kan bestuur en besluit om God met ons hele lewe lief te hê.

11. Nog 'n manier waarop mense God aanneem, is om God koning te maak van hulle lewe en hulle besigheid.

As jy God koning gemaak het van jou lewe en besigheid, wie het vir wie aangestel? Het God jou aangestel oor jou besigheid, of het jy God aangestel oor jou besigheid?

Wie moet dan aan wie verantwoording doen? As jy God aanstel, dan moet God aan jou verantwoording doen oor wat Hy doen met die besigheid en lewe waaroor jy Hom aangestel het.

Wanneer mense God so aanneem, sal hulle jou ook net so aanvaar as wat hulle God aanvaar: hulle sal jou aanstel in die posisie waarin hulle jou sien en as ondergeskikte hanteer.

Dit is wat benedeledede doen. Jy kry jou posisie in die lewe deur hulle wat besluit wat is jou posisie in die lewe. Hulle gee jou jou posisie in die lewe.

Hoe werk dit met 'n vader en kinders? Daar is net een posisie in 'n gesin vir kinders en dit is om kinders van jou pa en ma te wees. Kinders in 'n gesin stel mekaar nie een en gee aan mekaar posisies in die gesin nie. Hulle is net saam kinders sonder enige aanstelling oor mekaar deur mekaar.

Mense wie god egter aangestel het as hulle vaderfiguur, stel mense in posisies aan of ontnem mense posisies in die lewe asof hulle die mag het daartoe.

12. 'n Laaste voorbeeld van hoe mense God aanneem, is wanneer mense God uitbeeld en verteenwoordig. Dit is hoe mense afgode hul vaderfigure maak. Hierdie opgemaakte gode is self niks nie, maar wanneer jy hulle uitbeeld is hulle teenwoordig soos jy hulle teenwoordig maak.

Vaderfigure is afwesige vaders wat deur hulle kinders teenwoordig gemaak word deur hulle kinders wat hulle krag, mag, en lewe uitbeeld.

As jy jou God moet uitbeeld om teenwoordig te wees, dan gaan jy mos van ander verwag om jou net so te aanvaar – as iemand wat god teenwoordig maak. Hoe aanvaar jy iemand wat God teenwoordig maak? Met ontsag en eerbied en onderdanigheid.

Kan broers en susters mekaar só aanvaar, as kinders wat pa teenwoordig maak in hulle uitbeelding van pa?

Kinders beeld nie ouers uit nie en maar nie ouers teenwoordig nie. Ouers laat geld hulle self soos hulle is as teenwoordige ouers, en kinders leef in hulle gesag met ontsag!

Ons aanvaar mekaar as gelowiges met die respek binne die ontsag en eerbied wat ons vir god ons Vader het. Hy is altyd in sy liefde só teenwoordig dat niks ons van sy liefde kan skei nie en daarom leef ons nie met sy uitbeelding nie, maar volgens sy Woord wat Hy in sy liefde met ons openbaar.

In hierdie ontsag vir God ons Vader aanvaar ons mekaar altyd met respek as kinders van die Vader, en kan ons mekaar nooit met ontsag en eer aanvaar nie

Dit is wat geestelike godsbendes met mekaar doen.

13. Dit is hoe godsbendes vandag lyk!

Hulle aanvaar mekaar geestelik en spiritueel net soos hulle God aanvaar: hulle is mekaar se middelpunt, hulle aanvaar die beheer van ander oor hulle lewe en hulle beeld God vir mekaar uit om God vir mekaar teenwoordig te maak.

Wie mekaar geestelik op hierdie wyse aanvaar, is 'n godsdienstige bende.

Hoekom?

Want wie mekaar op hierdie wyse aanvaar, het van God net 'n afwesige vaderfiguur gemaak: wanneer jy glo jy behoort aan mense wat God hul middelpunt gemaak het, sy aanstelling gegee het en Hom verteenwoordig, ken God die Vader nie meer die teenwoordige Vader nie.

God die Vader is Vader omdat hulle Hom Vader maak.

Dit is hoe hulle die waarheid verdraai vir die leuen.

God die Vader is die middelpunt van sy skepping. Hy is die bron en die oorsprong van sy skepping en Hy onderhou en bestuur dit volgens sy raadsplan. God die Vader neem jou aan sodat Hy jou weer jou plek in sy skepping en raadsplan kan laat vind.

Wanneer jy God aanneem deur hom die middelpunt van jou lewe te maak, maak jy hom die afwesige God in sy skepping en sy raadsplan. Jy maak jou lewe en jou planne sy middelpunt, en só word Hy die Vader wat nou afwesig is in sy skepping en sy raadsplan.

Net so, God die Vader beskik en bestuur alles in die Heelal wat Hy onderhou op so wyse dat elkeen teenoor Hom aanspreeklik is vir alles wat hy is en doen. So is God die Vader die teenwoordige Vader.

Maar wanneer jy God aanstel as koning van jou lewe en jou belange en Hom aanspreeklik vir jou geluk en voorspoed maak, is Hy nie die God van jou lewe en voorspoed nie, Hy is vir jou die afwesige Vader en vir jou net 'n veraf Vaderfiguur.

14. Kinders wat ouers het wat teenwoordige, versorgende, beskermende en liefdevolle ouers is, kan nie bende kinders word nie.

Ouers skep met hulle liefde in hulle kinders iets wat hulle nooit bende kinders kan laat wees nie: eer!

Kyk gerus weer na ons teksvers: *“⁷Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.”*

Hierdie eer van God is presies net weer die saak waarmee Paulus in hoofstuk 1 in Romeine begin het. In alle geestelike bendes word God nie as God geëer en gedank nie, al sien hulle wie God in sy werke is.

Maar wanneer God die Vader jou as sy kind aanneem in jou eenheid met Christus, en Hy vir jou Vader is in die liefde wat Hy vir Christus het, skep die Vader weer hierdie eer vir God in jou hart: Hy versorg, beskerm, bewaar en onderhou my in sy liefde as Vader. Hy is die bron van alle goeie dinge en Hy is die Vader wat alle slegte dinge my ten goede sal keer in sy liefde.

Ons kan God as Vader nie in hierdie liefde wat Hy aan ons meedeel, afwesig leef nie. Ons kan Hom nie in sy liefde ver en afwesig maak nie. Ons kan Hom in sy versorging, beskerming en voorsiening nie weg leef en afwesig glo nie.

Die Gees wat Christus ons gee, laat ons die Vader eer as Vader: in ons roep die Gees van Christus uit: “Abba, Vader” en laat Hy ons die Vader as Vader dank en eer.

Daarom kan ons nooit God se bende kinders word nie. Want ons kan en wil nie van God die Vader 'n afwesige Vaderfiguur maak in ons eie magsug teenoor God nie.

Ons wil en sal God die Vader as Vader eer en dank. Dit is die Gees wat ons, as kinders van God, van die Vader ontvang het.

15. Daarom kan ons mekaar ook nie aanvaar soos mense wat God se bendekinders is, of altans glo hulle is God se bendekinders, mekaar aanvaar nie.

Ons aanvaar mekaar soos Christus ons aanvaar. Hy laat ons deel in wie Hy as mens vir God was in sy lyding, en wie Hy as mens vandag is in sy heerlijkheid. Daarom is ons broers en susters: ons deel in God die Vader, wat ons as kinders aangeneem het.

Ons behoort aan die Vader; Ons is ingesluit in die raadsplan van die Vader; Ons luister na die Vader van die skepping; Ons gehoorsaam die Skepper se wil vir ons in sy skepping.

En so aanvaar ons mekaar: jy behoort aan die Vader, Hy sal sy raadsplan met jou uitvoer, Hy sal jou aan Hom gehoorsaam laat wees en Hy sal jou versorg en bewaar in sy skepping.

So eer ons God in die wyse waarop ons mense se kindskap van die Vader eer en aanvaar mekaar as broers en suster deur God die Vader.

Bendekinders doen iets anders met mekaar: hulle maak mekaar die middelpunt van mekaar se lewe; stel mekaar aan soos hulle magsposisies sien en uitdeel en wil vaderfigure uitbeeld en teenwoordig maak, nie hulself wees nie.

Wie mekaar aanvaar soos Christus hulle aanvaar het, kan dit nooit met mekaar doen nie: want dit onteer die Vader aan wie kinders van God behoort.

16. Ons leef kerklik in 'n baie vreemde tyd.

Dit is nou die tyd van geestelike bendes, godsbendes met godstories!

Elkeen neem God aan en onteer God die Vader op hierdie wyse: ons leef Hom weg asof Hy die afwesige Vader is in wie se naam ons dan kan leef.

En as jy nie aan een of ander geestelike bende behoort nie, dan verklaar hulle dat jy nie werklik 'n kind van God is nie. Want volgens die geestelikheid van ons tyd is net bendekinders God se kinders!

Hoe kan bendekinders kinders wat liefdevolle ouers het, van hulle ouers vervreem?

Dit kan nie. Die Gees wat die Here aan ons gegee het, laat ons God eer en dank as Vader en so is ons werklik kinders van God die Vader.

Kom ons eer God die Vader en aanvaar mekaar in hierdie eer en dank aan God as broers en susters!

Kom ons vlug van hierdie oneervolheid om met bende-geestelikheid God die Vader te onteer as 'n veraf vaderfiguur in ons lewe, wat ons net in ons eie geestelikheid bemagtig!

